Ges. 7: 1, 2.
Ges. 83: 1, 7
Ges. 31: 1, 2, 5.

# Stil tot God.
## (Ps. 62)

50?

Ps 62:6 - Wees net maar stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting.

"Dit is vrede: die oorlog is verby"
Die aankondiging v.d. vrede w/op [alhoewel] Kinders v.d. Heer so lank gewag en so baie [voor] gebid het het in baie mense se harte d. wêr. oor - ook in ons land - twee t/oorg. gevoelens gewek:

- ~~Adek~~ Sommige: ~~groot~~ vreugde oor d. oorwinning v.d. Geallieerdes.
- ~~Adak~~ Ander: ~~diep~~ teleurstelling oor d. neerlaag v.d. teenstanders.

Mr. hoe sterk d. gevoelens ookal na een of ander kant was, by baie min mense was daar ligsinnige opp. gejuig. Want diep in d. harte v. baie mense - die hele wêr. oor - leef daar d. gedagte aan duisendes & nagen. duisendes wat verkeer in pyn & smart, in kanker en rou.

En al sou ons gevoelens ook hoe hoog (uitgelaat / oorlaag) ook hoe verskil opgevlam het na watter kant ookal - as d. eerste opwelling van gevoel bedaar het, as ons weer normaal gaan leef en dink, sal daar drie groot gedagtes in d. harte bly leef van alle Kinders v.d. Heer: — alhoewel hier een veel.

I Diepe, innige dankbaarheid om ontelbare voorregte w/in ons, ons dierbares & ons land kon deel

II Innige, ~~...~~ meelydende weemoed om d. smartvolle lyding v. duisendes, om d. bloedige wonde geslaan in d. ligg., verstand & siele v. duisende

III Ernstige Voorbidding vir alles wat wag.

I **Dankbaarheid**: Wie van ons is daar hier vandag wat nie gister by d. aankondiging v. vrede 'n diepe sug v. dankbh. geslaak het nie! Dankbh. oor so baie dinge:

① Vreeslikste bloedvergieting van alle tye 'n einde gekry – wat soveel duisendes gedood, vermink & verwond agterlaat oor d. hele wêreld! [dwang v. stryd]

② Hoe nie God dank vir almal wat behoue & onvermink kan terugkom na vaderland & dierbares! Miskien hier baie sulkes!

③ Hoe nie God dank vir krygsgevangenes & geïnterneerdes wat sal vrygestel word! Wat vryheid kan geniet!

④ Hoe nie God dank dat in alle lande – ook ons land – mense weer kan terugkeer tot normale lewe & werk!

⑤ Hoe nie God dank dat d. oorlog & al sy ontsett. verwoesting so ver van ons grense gebly het – so min ongevalle (6030 gedood) – feitlik geen skade aan mater. dinge – deur al d. jare van oorlogvoering so min ontbering & gebrek – vgl. ander lande! Nog altyd gevoed, geklee, gesond!

⑥ Hoe nie God bo alles dank dat ook deur hd. ontsett. stryd & verskrikking v.d. oorlog baie mense nader na God getrek is, meer vatbaar geraak het vir die Ev. – dat ook daar in d. gebrul v. kanonne, gedreun van vliegtuie, ~~[illegible]~~ [nood] v.d. stryd hulle Xtus J. vir ewig gevind het – as Beste Gids & Helper!

→ Hoeveel nie om God voor te dank nie! Het ons dit genoeg gedoen?

II **Weemoed & Meelye**: Nr. gepaard m. d. gevoel v. dankbh. gaan hand in hand d. gedagte aan al d. smart & leed waarvan niemand ons ons 'n denkbeeld kan vorm nie!

① Ontsett. verlies van menselewens: jong manne in fleur v. hulle lewens, vaders v. huise, onskuldige vroue & moeders & kinders!

② Verminking & verwonding v. duisendes: nooit weer al hulle ledemate, al hulle kragte!

③ Onpeilbare smart & lyding van agtergeblewe dierbares: hier 'n vader weg, daar 'n moeder, daar 'n kind – kom nooit weer! Wie kan besef d. bitter kelk wat sulkes moet drink? Ander huistoe – ons s'n nie!

④ Verwoesting soveel tyd. besittings: enorme geboue, [onherstelbare] ~~onherkenbare~~ kultuurskatte, pragtige monumente, sierlike stede: duisendes dakloos: ouers v. dae, siekes, [vroue,] kinders, – met gevolge: ontsett. ontbering wat reeds verduur is & nog moet word! Wie nie kan meevoel – hart van klip! Dink aan siektes, pestilensies, hongersnood, kom; wie kan denkbeeld v. soveel lyding & smart vorm! – wat nog wag!

⑤ Verwoesting v. Godshuise, onderbreking van geest. arbeid & gepaard d/mee d. sedel. verplett. gevolge wat hd. stryd op duisende gehad het: los v God – wantroue in God – los v.d. Wd – euwels van dronkenskap, onsedelikheid, egtelike ontrou, dobbelgees ens.!

Nog meer: gees van haat, wrok, bitterheid, vergelding wat in duise se harte hoogty vier! Gees v. selfsug, [behoud] ~~[illegible]~~, eiebelang ten koste van belange naaste!

→ Hoe sal al hd. dinge weer regkom? Hoe sal d. mens ooit weer rus & vrede & vreugde vind? – Besef ontsett. gevare wat h/uit gaan voortvloei!

Voorbidding: Hoe moet al hd. dinge ons dan nie stil maak voor God – wêr. & mense om ons vergeet & sê: Ps. 62:6 – eenkant gaan & bid! Laat ons:

① Bid om vryhd, genade, insig vir leiers v.d. oorw. volkere om 'n vrede gegrond op reg & geregtighd & nie eiebelang, magsoorwegings, liefde & nie op mag – 'n vrede wat kan duur! Vrees

② Bid vir d. Oorwonne volke – nie neerslag in wrok & haat te aanvaar – mr. om d. hand te sien d. slaende hand v God – alles met heil. doel! – Gevaar: wrok wat nog meer sal oplaai!

③ Bid vir d. Kleiner volke so wreed vertrap is deur groter volke wie hulle land & grond sal teruggkry – hulle vryhd & onafhanklikhd!
Gevaar –

④ Bid dat Here anargie & wetteloshd sal verhoed in verwoeste lande – & gevaar v. pes, honger ens. sal afweer & verminder! Gevaar: opstand, rewolusie!

⑤ Bid dat menshd sy eenhd sal besef & hande sal saamvat om te help, herbou & troos!

⑥ Bid vir agterblywendes v. gedodes, vir verwondes & verminktes, treurendes & besorgdes!

⑦ Bo al bid dat – Naam v.d. Here sal verheerlik word – dat d. Kinders v God hulle geloof sal behou – dat uit al die smart & stryd, al d. kwaad God 'n heerlike goed sal laat gebore word – dat d. Gees v. God mag vaardig word om mense te roep wat d. wêr. vir Sy Kon. sal red! Haat ons. sal stil – ook in eie harte! Nuwe gees v. liefde!

→ Hoe regkry? Net een weg: Eenkant met God – Ps. 62:6

Amen

Gesg. 146:1. 143:1, 3.
Die Boodskap van Hemelvaart (Luk. 24: 36-53)
Lof. 143 Hemelvaart